Hoofstuk Sewe

KONKLUSIE EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die finale gevolgtrekking waartoe die navorser gekom het, asook enkele aanbevelings, ten slotte bespreek.

7.2 KONKLUSIE

Die doel van kwalitatiewe navorsing is die sistematiese ontwikkeling van substantiewe teorieë, deur die sosiale realiteit deeglik te ondersoek. Sodoende word gepoog om teoretiese verduidelikings te genereer vir intellektuele vraagstukke. Die **navorsingsprobleem** wat in hierdie prakties-teologiese studie empiries ondersoek is, was die volgende: "Wat is die houding, mening en kennis van professionele hulpverleners oor die gebruik van rituele as 'n terapeutiese hulpmiddel tydens rouberaad?" Die **doel** van die studie was om hierdie navorsingsprobleem verkennend te ondersoek en die navorser se bevindinge in 'n hipotese te formuleer. Die **hipotese** verwoord dus die finale konklusie waartoe die navorser in die studie gekom het en word volledig in par 6.4 beskryf.

7.3 AANBEVELINGS

In die lig van die voorafgaande literatuur en praktyk ondersoek, wil die navorser die volgende aanbevelings maak. "A deduction is the interpretation of a fact in terms of the aim" (Chief of the SA Defence Force 1993: 9-1).

- In hierdie verhandeling word professionele hulpverleners aangemoedig om van terapeutiese rituele gebruik te maak tydens rouberaad. Soos enige beradingstegniek sal die terapeut egter moet leer "hoe" en "wanneer" om rituele tydens berading te gebruik. "But use them! Experiment with them and discover your own ways of getting

them to function effectively for your particular purposes" (Strauss & Corbin 1990: 94).

- Aanraking en liggaamlike kontak is 'n rituele handeling wat allerweë erkenning geniet. "Nonerotic touching is of growing interest to those in the healing professions. Nurses are learning how to stroke and cuddle babies; psychiatric workers are learning the power of simply holding a hand; and people like Mother Teresa of Calcutta have helped us all discover the healing power of the compassionate touch" (Foster 1985: 154). Dit is veral enkellopendes, weduwees en wewenaars wat 'n behoefte het aan die lewegewende ervaring van 'n liefdevolle aanraking, 'n vriendelike drukkie of 'n gerusstellende vryf van die rug. Een van die respondente het egter gewaarsku dat nie alle mense gemaklik daarmee voel nie en dat diskressie nodig is.

- Al die deelnemers was ten gunste van 'n oop, paradigmatiese benadering, pleks van 'n rigiede en gestruktureerde fokus. Daar was 'n algemene weerstand in 'n enkele, universiële diagnostiese model wat die sentrale fokus word tydens rouberaad. Individualisme en reduksionisme word gevolglik ontmoedig en 'n holistiese en sinergistiese 'manier van dink' (gestaltterapie), word aangemoedig.

- In sy boek "The power of positive thinking" moeding Norman Vincent Peale (1953) die leser aan om die krag en waarde van gebed te ondersoek. Een van die navorsingskandidate het gesê dat die belangrikste godsdienstige ritueel vir haar, gebed is. "In my family we believe that the more you pray, the more grace you receive and the more peace you have. Through prayer we also realize and come in contact with our limitations as human beings."

- 'n Vroulike respondent het gesê dat sy haar kinders leer dat wysheid (Spreuke 1-31) belangriker is as intellektuele vermoëns. Professionele hulpverleners moet die beperkinge van hulle intellek erken en leer om tydens berading te steun op (die) Heilige Gees vir insig, wysheid en leiding (Joh 14 en 16).

- Meer as een deelnemer het beklemtoon dat gesinsaktiwiteite saam beoefen moet

word : saam eet, saam vakansie hou, saam kerk toe gaan, saam bly wees, saam huil. In die aand is dit veral belangrik dat die gesin saam sal wees, sodat elkeen kan ervaar en weet dat die ander daar is vir hom of haar.

- ‘n Ritueel wat deur een van die navorsingskandidate beoefen word en wat sterk aanbeveel word, is die bediening van die nagmaal (verbond) aan die sterwende en die bedroefde familie. ‘n Ander respondent het gesê: “My ritueel is om elke oggend die lede van my gesin te seën wanneer hulle die huis verlaat en weer in die aand as elkeen gaan slaap.” Die dag van môre is ‘n geslote boek (Matt 6: 34) en daarom moet ons elke geleentheid aangryp om mekaar lief te hê en te waardeer.

- Die literatuur beklemtoon dat rituele nie in isolasie gebruik moet word nie, maar gekombineer moet word met bestaande intervensie strategieë. Een van die respondente het die volgende insident met die skrywer gedeel. ‘n Tannie van oor die tagtig jaar het eenmaal in haar kantoor ingestap en gesê : “Moet niks sê of doen nie. Ek wil net met iemand praat. Daarna wil ek loop.” Op 3 of 4 jaar is sy deur haar pa gemolesteer en sy het nog nooit met iemand daaroor gepraat nie. Toe sy uitstap het ek vir haar gesê : “Hoekom skryf jy nie vir jou pa ‘n brief nie. Skeur dit dan op en verbrand dit, want jy is nog baie kwaad vir hom.” ‘n Week later het sy my gebel en gesê : “Jy is ‘n onbekende ... ek is ‘n onbekende ... jy het my genees!” Die respondent het gesê dat sy meen dat dit die kombinasie van die twee aksies, die gesels en die skryf en verbrand van die brief was, wat die persoon gehelp het.

- Een van die *funksies* van rituele (veral simboliese briewe) is die vermoë om sigbaar te maak wat nie met woorde gesê kan word nie. Inligting wat in die onderbewuste lê, word verplaas na die bewuste. Sodoende kan hierdie emosies aangespreek en verwerk word. ‘n Belangrike basiese *eienskap* van ‘n ritueel, is simbole. Simbole kom in rituele voor as voorwerpe, handelinge of woorde. ‘n Voorwerp soos ‘n plant of ‘n diere kalender in ‘n terapeut se spreekkamer, kan gevolglik gebruik word as ‘n sinnebeeldige voorstelling om ‘n abstrakte begrip aan ‘n jong kind te verduidelik. Simboliese kommunikasie is vir mense in die algemeen makliker om te verstaan as

verbale of bewuste kommunikasie.

◆ Neem beheer. Formuleer ‘n persoonlike roubeheerprogram.

- Roubeheer is ‘n lewenslange taak wat tyd, selfondersoek en herondersoek verg. Neem verantwoordelikheid vir jou eie helingsproses.
- Identifiseer die belangrikste snellers wat roupyn aktiveer of verbeter in jou lewe. Dink na oor wanneer en hoekom jy roupyn ervaar. Op watter vlak lê jou roupyn tans en wat is die bron daarvan?
- Begin klein.
- Terugslae is normaal.
- Konsentreer op een of twee snellers op ‘n keer. Moenie die grootste of moeilikste snellers eerste aanpak nie.
- Wees spesifiek. Besluit watter veranderinge jy in die komende drie, ses en twaalf maande wil maak.
- Wees buigsaam en probeer verskillende strategieë. Sê vir die Here dankie dat Hy jou help en dat jy vordering maak.
- Dit is nie nodig om roupyn totaal uit te skakel nie. ‘n Meer holistiese benadering veronderstel ‘n “beide-en”, pleks van ‘n “of-of ” perspektief.
- Raak betrokke by ‘n treur ondersteuningsgroep in jou kerk of gemeenskap.